



191.A.1(7)

Verw./Ref. No.

## NASIONALE ONDERWYSRAAD NATIONAL EDUCATION COUNCIL

Telegramme      } "Adviesraad"  
 Telegrams        }  
 Telefoon          } 3-3114  
 Telephone        } 3-3117

Privaatsak      } 298,  
 Private Bag      }  
 PRETORIA.

### 'N BESOEK AAN WES-DUITSLAND - II

#### UNIVERSITEIT EN STUDENT

DEUR PROF. H.B. THOM,  
VOORSITTER, NASIONALE ONDERWYSRAAD

Soos bekend is, is die studente-onrus wat in die jongste tyd aan baie universiteite in Westerse lande voorgekom het, in hoë mate ook aan universiteite van die Duitse Bondsrepubliek ondervind.

Ek het self nog baie tekens daarvan teengekom. In Tübingen, Hamburg en München het studente en dosente eerstehands daarvan vertel en ook plekke aangewys waar botsings voorgekom het. In Berlyn, by die Vrye Universiteit en die Tegniese Universiteit, het studente-slagspreuke, soms sterk Kommunisties gekleurdt, nog in reuseletters op die mure van geboue gepryk.

By die Pedagogiese Hoëskool (vir die opleiding van onderwysers) in Berlyn is met prominente geskrifte nog op die mure o.a. geëis: Der Rektor auf's Schafott! Toe ek later met die Rektor in hartlike gesprek verkeer, sê ek so terloops dat hy vermoedelik nog op die skavot moet kom. Hy het maar net geglimlag, en geantwoord: „Ja, dit was 'n tyd van kwelling en groot bekommernis; en dit is miskien nog glad nie verby nie“.

Om hierdie dinge te verstaan, moet 'n mens veral op die agtergrond daarvan let. Die oordrawe gees van demokratisering het meegebring dat klasgelde aan universiteite in die Bondsrepubliek afgeskaf is. Daarby vereis die komplekse moderne wêreld groot getalle jongmense met 'n universiteitsopleiding.

Die gevolg van sulke omstandighede is dat daar 'n geweldige ontploffing in die studentetalle aan die universiteite gekom het. En nou behoef dit geen betoog nie dat studentebevolkings van tienduisende 'n veel vrugbaarder teelaarde vir radikale denkbeelde bied as studentebevolkings van 'n paar duisend.

Daarby moet onthou word dat studente aan verskeie universiteite baie goeie rede gehad het om ontevreden te wees, hieroor is daar selfs onder die mees verantwoordelike universiteitsmense eenstemmigheid. Die universiteitstelsel van die Weimar Republiek het uitgedien geraak; professore het nog maar steeds met 'n geykte voorlesingspatroon volgehou, sonder enige persoonlike kontak met studente; universiteitspersoneel was nie meer toereikend nie; en universiteitsfasiliteite, soos geboue en toerusting in laboratoria en biblioteke, het geensins tred gehou met die behoeftes van verdubbelde en verdriedubbelde studentetalle nie. Talle studente kon naderhand nie eers meer staanplek in klaskamers kry nie, laat staan nog werkgeleentheid in 'n skeikunde-, 'n fisika- of 'n anatomielaboratorium.

Hierby kom nog dat die Duitse universiteitstudente nie meer so jong is nie. Na 'n skoolloopbaan van dertien jaar en militêre opleiding van anderhalfjaar, is manstudente gewoonlik sowat twintig jaar oud wanneer hulle op die universiteit aanland. (Terloops, daar is vandag 'n sterk beweging om die skoolloopbaan en die militêre opleiding te verkort).

Die universiteitsloopbaan duur dan agt tot twaalf of selfs veertien semesters (vier tot ses of sewe jaar). Die manstudente aan die universiteite is dus gewoonlik in die Leeftyd tussen ongeveer twintig en sewe-en-twintig jaar; die damestudente 'n jaar of twee jonger. 'n Mens kan goed begryp dat jongmense in dié leeftyd, veral in die wêreld van vandag, maklik tot drastiese stappe sal oorgaan, des te meer nog as hulle gegronde rede vir ontevredenheid het.

'n Senior professor het dit só gestel: Jongmense van vyf-en-twintig of ses-en-twintig jaar, wat bv. in fabrieke, op die spoorweë of in kantore werk, word as volwassenes beskou en daar word met hulle wense rekening gehou. Maar studente van dieselfde leeftyd, wat intellektueel oor die algemeen mense van beter gehalte is, is veelal as kinders beskou en daar is van hulle wense geen notisie geneem nie. Kon 'n mens werklik so unrealisties wees - só het die professor vervolg - om te dink dat daar nie moeilikheid sou kom nie?

Verder het Kommunistiese invloede 'n rol gespeel. Dit word bewys deur slagspreuke op die mure van die universiteitsgeboue, en deur 'n verskeidenheid van publikasies wat op kampusse verskyn. Dit word ook bewys deur die optrede van individue wat hulself in leidende posisies onder studente ingewerk het en later as oortuigde Kommuniste ontpop het.

By 'n simposium het 'n oud-rektor, wat 'n studie van die Kommunisme en sy metodes gemaak het, sterk teen die aanwesigheid van hierdie mense onder die studente gewaarsku, en o.a. gesê: Moenie soseer bang wees vir die langhaar-agitatoripse wat opruiende toesprake hou nie. Hy is nie die gevvaarlike Kommunis nie. Maar pas op vir die fyns, netjiese kôrel, die man wat oënskynlik vir wet en orde pleit, wat selde openbare toesprake hou en nooit op die televisie verskyn nie. Hy is die man wat jongmense op sluwe wyse beïnvloed en doeltreffende Kommunistiese propaganda versprei. Hy is die werklik gevvaarlike Kommunis.

Dit is 'n paar punte uit die agtergrond waarteen die studente-onluste gesien moet word. Die teelaarde vir die uitbarstings was pragtig voorberei. Maar, en hieroor is universiteitsmanne dit roerend eens, die die uitbarstings was, toe dit werklik gekom het, nie die werk van die studentemassa as sodanig nie, maar wel van ongeveer 5% van die studente, aangevoer en aangevuur deur sekere leiers wat groot publisiteit gekry het.

Die studente-onrus was 'n vername bydraende faktor om die Bonds- en die Landeregeringe te beweeg om die universiteitswese ernstig te ondersoek. Universitätsreform was op die lippe van almal. Alle belangrike sake van die universiteitswese het aan die orde gekom: studiemetodes, metodiek, finansiering, bestuur en administrasie, dissipline vir studente en dosente e.s.m.

Een van die opvallendste uitkomste was dat aan studente veel meer invloed in die sake van die universiteit gegee is. Hulle het ruime verteenwoordiging gekry in bv. studiekommisies, in fakulteitsrade (of die beheerliggame van Fachbereiche, waar fakulteite onder die nuwe, ruimer begrip van Fachbereiche gereorganiseer is), in die Senaat en selfs in die hoogste universiteitsliggame soos die Konzil en die Kuratorium, twee liggame wat met magte bekleë is wat by ons ongeveer deur die Universiteitsraad uitgeoefen word.

Ek moet byvoeg dat die bedeling by alle universiteite nie presies diesselfde is nie, en wat pas gesê is, geld ooreenkomsdig die wette van Hamburg en Berlyn, wat albei in 1969 aangeneem is. Ons sal vind dat die studente in Keulen bv. heelwat minder regstreekse seggenskap het as die studente in Hamburg of Berlyn, maar die beginsel van studenteverteenwoordiging is deur alle universiteite aanvaar. Dit het gebruiklik geword dat die studente jaarliks, wanneer die lede van nuwe studenterade gekies word, ook hulle verteenwoordigers in die genoemde universiteitsliggame kies.

Oor hierdie regstreekse aandeel van studente aan die bestuur en beheer van die universiteit bestaan daar vandag in die Bondsrepubliek groot verskil van mening. 'n Mens sal niemand kry wat foutvind met die gedagte dat persone vir wie maatreëls neergelê word, ook by die opstelling van sulke maatreëls geken moet word nie. Daarom word dit ook allerweë verwelkom dat studente betekenisvolle geleentheid kry om hulle mening te gee en hulle besondere belang na vore te bring.

Daar is egter mense wat sê dat hierdie geleentheid vandag op baie plekke nie verstandig en positief gebruik word nie, maar in werklikheid ernstig misbruik word. 'n Ervare, goed onderlegde universiteitsman het verklaar: „Ek was een van die eerstes wat my in Duitsland beywer het vir behoorlike raadpleging van studente, maar ek weier tenenomale om vir my deur studenteverteenwoordigers te laat dikteer!”

Dit word openlik gesê dat dit klaarblyklik verkeerd is om aan studente magte te gee in verband met sake soos bv. studiestandaarde, eksamenvereistes en dissipline. Daar word ook gewys op die invloed wat studenteverteenwoordigers het op die benoeming van professore en selfs van rektore. Aangesien die studente in die hoogste universiteitsliggame verteenwoordig is en hulle hier in die reël maklik die ondersteuning kry van die verteenwoordigers van die assistente (lektore), wat ook nog jong mense is, slaag hulle dikwels daarin om teen die wense van professore in, sekere persone benoem te kry.

Dit het al gebeur dat, in geval van vakatures in professorate en selfs die rektoraat aan 'n universiteit, studenteverteenwoordigers ywerig navraag doen by studentegroepe aan ander universiteite om meer uit te vind omtrent kandidate wie se name genoem word, of om kandidate te kry, wat vir hulle aanneemlik sal wees. „Van die hooggeroemde akademiese objektiwiteit en vryheid", het een professor gesê, „word op hierdie manier 'n klug gemaak".

Maar sekere studenteleiers beroem hulle daarop - en dit is ook reguit aan my gesê - dat hulle maar net hulle demokratiese reg uitoefen wat hulle ten volle toekom. Sommige het hulle „demokratiese" reg darem 'n bietjie ver gevoer toe hulle die stemming vir 'n sekere rektor geboikot het: hulle het niks teen die voorgestelde persoon gehad nie, maar hy was die enigste kandidaat en hulle kon dus nie op demokratiese wyse oor verskillende kandidate stem nie!

By geleentheid toe ek h samespreking met h rektor moes voer, het hy dit goed gevind om h paar studenteleiers met hom saam te bring. Omdat die studente met vrymoedigheid aan die gesprek deelgeneem het, het ek hulle heelwat uitgevra, o.a. of hulle tevrede is met die verteenwoordiging wat hulle in die universiteitsliggame gekry het. Hulle was glad nie tevrede nie, en het ook nie geaarsel om dit te sê nie. Hulle verteenwoordigers was nog in die minderheid - só het hulle betoog - en vrywel elke keer as belangrike besluite geneem word, veral as aanstellings in hoë poste gemaak word, slaag die professore nog daarin om hulle te oorstem. Die Rektor het maar net geluister.

Só is dit dan gesteld rondom die tema: Universiteit en Student.  
Quot homines, tot sententiae, sou die Romeine sê - soveel hoofde, soveel sinne. Inmiddels sal dit seker nie onvanpas wees nie as ons in elk geval maar kennis neem van alle „hoofde“ en ook alle „sinne“.